

Xenophanes van Kolophon

Xenophanes sou die wêreld vir die eerste keer gesien en die belangrikste feite van sy lewe was waarskynlik verwant aan sy vroeëre werk as eenheid van die Ioniese stede. Hy was gebore in Kolophon, wat toe nog nie 'n deel van die Perse Ryk was nie. Die groot en baie ouer poorter van hierdie ryk was dan ook die Ioniese stede.

Maar omstreeks 570–560 v.C. was die verowering van Kolophon deur die persiese koning Darius I voltooi. Die Ioniese stede was toe hulde tot die Perse Ryk en moes daarvan onderwerp word. Daarby was Xenophanes gevorder tot een van die belangrikste sprekers van die Ioniese filosofie. Hy was een van die eerste te vertrek van die Ioniese stede en gaan vestig in Elea, waar hy 'n leerling van Parmenides geword het. Hierdie leerling was later bekend as Protagoras, wat die eerste geskrewe geskrif oor die filosofie gescrewe het.

1. INLEIDING

1.1 LEWE EN WERK

Xenophanes is gebore in die Ioniese stad Kolophon. Met die verowering van dié stad deur die Perse onder Harpagos, het hy hom, na vele reise deur die Griekse wêreld, eindelik in Elea gaan vestig, waar hy volgens Klemens van Alexandrië die Eleatiese skool van filosofie sou gestig het. (Maar vgl. Campbell 332).

Die datum van sy geboorte wat deur die meeste aanvaar word, hang saam met (i) wat hy in fr. 7D sê en (ii) die verowering van Kolophon. In fr. 7D sê hy dat hy vir 67 jaar deur Griekeland gereis het en 25 jaar oud was toe hy met sy reise begin het. As ons die verowering van Kolophon deur Harpagos op tussen 545 en 540 v.C. stel, kon hy tussen c. 570 en 565 gebore gewees het (vgl. Hammond, *A History of Greece* 275). Hy het ten minste 92 jaar oud geword, en uit Klemens van Alexandrië verneem ons dat hy nog gelewe het tydens Hierôn se heerskappy (478–467 v.C.)

Twee ander datums wat ook aangegee word, is dié van Thesleff (540–440) en Steinmetz (580–478). Vir Apollodoros se vroeë datum van 620 v.C. en die weerlegging daarvan, vgl. Woodbury, *Phoenix* 15, 1961, 134–155.

Van Xenophanes besit ons eerstens *elegieë* waarin hy die tradisionele temas daarvan nie net voortgesit het nie, maar gevul het met 'n nuwe filosofies-religieuse inhoud. Antieke bronne verwys ook na van sy verse as Σίλλοι en Παρώδιαι waarin kritiek en parodie oorheersend was, veral rondom die opvatting van die goddelike.

Verder sou hy ook 'n gedig περὶ φύσεως geskryf het. Ten slotte vermeld Diog. Laertios 9,20 ook twee eposse — een oor die stigting van Kolophon, die ander oor dié van Elea.

Die didaktiese element in sy gedigte val sterk op, en hy word dan ook deur baie as *digter-filosof* bestempel (vgl. Deichgräber). Dat hy onder die invloed van Parmenides gestaan het word vandag deur sommiges aanvaar ná Reinhardt se werk oor Parmenides. Maar hy geld ook as *religieuse* denker-digter (vgl. veral Jaeger, 'Xenophanes'): nie net was Parmenides sy groot inspirasie nie, maar sy theologiese denke het ook sy wortels in sy polemiek teen Homeros en Hesiodos se *ontmoralisering* van die gode (vgl. Rudberg).

Diog. Laertios 9,18 se bewering dat hy sy gedigte voorgedra het (ἐργαψύδει τὰ ἔαυτοῦ), het ook die gedagte laat ontstaan dat hy 'n professionele rapsodis was. Adrados II,78 is dus reg as hy sê dat ons voor die gevarieerde persoonlikheid van Xenophanes ietwat onseker en verbysterd staan.

TESTIMONIA

Diels-Kranz, *Die Fragmente der Vorsokratiker* I, 113–139.

Edmonds, *Greek Elegy and Iambus* I, 182–191.

Gentili-Prato 144–165.

LITERATUUR

(i) Datering en Lewe

Burn, *Lyric Age* 342–344.

Campbell 331–333.

Ebner, *Giornale di Metafisica* 19 (1964) 797–812.

Gigante, *PP* 35 (1970) 236–240.

Gomperz, *PhW* 52 (1932) 1411–1414.

Steinmetz, *RhM* 109 (1966) 13–73.

Talamo, *PP* 28 (1973) 343–375.

Thesleff, *On dating Xenophanes*.

Woodbury, *Phoenix* 15 (1961) 134–155.

(ii) *Denke* (algemeen)

Babut, *AC* 43 (1974) 83–117.

Deichgräber, *RhM* 87 (1938) 1–31.

Guthrie I, 360 e.v.

Jaeger, *Xenophanes*.

Rudberg, *SO* 26 (1948) 126–133.

Vgl. ook die kommentaar oor frr. 1 en 2D, en verder Schwabl & Wiesner, *Forschungsberichte*: 1. 'Die Eleaten: Xenophanes 1957–1970' vir verdere literatuur.

(JHB)

2. FRAGMENTE VAN XENOPHANES

(a) Fr. 1D (1B, 1E, 1G–P, 1W)

Betoon ontsag vir die gode

νῦν γὰρ δὴ ζάπεδον καθαρὸν καὶ χεῖρες ἀπάντων
καὶ κύλικες· πλεκτοὺς δὲ μφιτιθεῖ¹ στεφάνους,
ἄλλος δὲ εὐῶδες μύρον ἐν φιάλῃ παρατείνει·

κρητήρ² δὲ ἔστηκεν μεστὸς ἐϋφροσύνης·

ἄλλος δὲ οἶνος ἔτοιμος,³ δος οὕποτέ φησι προδώσειν,
μείλιχος ἐν κεράμοισ⁴ ἄνθεος δέξόμενος·

ἐν δὲ μέσοισ⁵ ἀγνήνην δόμην λιβανωτὸς ἥσιν,

ψυχρὸν δὲ ἔστιν ὕδωρ καὶ γλυκὺ καὶ καθαρόν
παρκέαται⁶ δὲ ἄρτοι ἔανθοι γεραρή τε τράπεζα
τυροῦ καὶ μέλιτος πίονος ἀχθομένη·

βωμὸς δὲ ἄνθεσιν ἄν τὸ μέσον πάντῃ πεπύκασται,
μολπὴ δὲ ἀμφὶς ἔχει δώματα καὶ θαλίη.

5

10

1. Dindorf: ἀμφιτιθεὶς Athen.A

2. Schneidewin Hermann: κρατήρ Athen.codd.

3. Musurus: ἄλλος δὲ οἶνός ἔστιν ἔτοιμος Athen.codd.: ἄλλος δὲ οἶνος ἔτυμος Eustath. in Od.p.1633,53: οἶνος δὲ ἔστιν ἔτοιμος Hermann Ludwig

4. Wackernagel: πάρκεινται Athen.codd.: πάρκειται West

χρὴ δὲ πρῶτον μὲν θεὸν ὑμνεῖν εὐφρονας ἄνδρας
 εὐφῆμοις μύθοις καὶ καθαροῖσι λόγοις,
 σπείσαντάς τε⁵ καὶ εὐξαμένους τὰ δίκαια δύνασθαι 15
 πρήσσειν — ταῦτα γὰρ ὃν ἐστὶ προχειρότερον —
 οὐχ ὕβρις⁶ πίνειν δ’ ὅπόσον κεν ἔχων ἀφίκοιο
 οἴκαδ’ ἄνευ προπόλου μὴ πάνυ γηραλέος.
 ἀνδρῶν δ’ αἰνεῖν τοῦτον δις ἐσθλὰ πιῶν⁷ ἀναφαίνει,⁸
 ὡς οἱ⁹ μνημοσύνη καὶ τόνος¹⁰ ἀμφ’ ἀρετῆς,
 οὐ τι μάχας διέπει¹¹ Τιτήνων οὐδὲ Γιγάντων
 οὐδὲ τε¹² Κενταύρων, πλάσματα¹³ τῶν προτέρων,
 ἢ στάσιας σφεδανάς.¹⁴ τοῖσ’ οὐδὲν χρηστὸν ἔνεστιν.
 θεῶν δὲ προμηθείην αἰὲν ἔχειν ἀγαθήν.¹⁵ 20

BRON

Athenaios 462c.

1. VERSMAAT

Die versmaat is die *elegiese distichon* — vgl. by Archilochos 7D.

Let op

- (i) sunizesis by θεῶν (24). Om dié rede het Scaliger δέ in die teks bygevoeg.
- (ii) In reël 22 moes τι ingevoeg word en πλάσματων προτέρων vervang word met πλάσματα τῶν προτέρων (*metri causa*).

5. Athen.codd.: δὲ Bergk

6. Musurus: ὕβρεις Athen.codd.

7. Athen.CE: ἐσθλὰ πιω Athen.A: ἐσθλ', ἄ πιῶn Ludwig: ἐσθλ' εἰπὼν Fränkel: ἐσθλ' ἐπίων Untersteiner

8. Athen.codd.: ἀναφαίνῃ Hermann

9. Schneidewin: ώς ή Athen.CE: ωσ̄ Athen.A: ώς οἱ Koraës: ὥσσος ή Casaubon: ώς ή Ahrens: ὥσση Hermann: ώς ή Allen.

10. Koraës: τὸν δις. Athen.codd. Musurus Stephanus: πόνος Schneidewin: λόγος (νόος) Hermann

11. Athen.CE: διέπειν Athen.A: διέπῃ Hartung: διέπων Fränkel

12. Musurus Camerarius: om.Athen.codd.: τι add. Meineke: γε Schneidewin: τὰ Hartung Hermann: κε Kalinka: αὐ Bergk

13. Schweighäuser: πλάσμα τῶν Athen.codd.: φλάσμαta Hermann

14. Osann: φενδόνας Athen.A: φλεδόνας Scaliger ap. Stephanum: φλεδονῶν Hermann

15. Athen.codd.: ἀγαθόν Francke: χρεών ... ἀγαθήν Fränkel

2. KOMMENTAAR

- 1 γάρ: wys voorentoe na reëls 13 e.v. Vir γάρ δή vgl. Struktuur.
 ζάπεδον: = δάπεδον, 'n vorming wat toegeskryf word aan populêre etimologie: δάπεδον is gesien as διάπεδον wat in Aiolies ζάπεδον word (ζα- = δια-). Dié vreemde vorm kom elders slegs voor op 'n inskripsie van Paros (*IG XII (5), 215*). Vgl. veral West, *Studies* 188.
- καθαρόν: predikatief. Defradas meen die weglaat van ἐστί verleen meer waardigheid en statigheid aan die begin. καθαρόν gaan verder saam met sowel χεῖρες as κύλικες. καθαρόν is 'n belangrike sleutelwoord in die gedig, en kom weer in reëls 8 en 14 voor: dit gaan van fisiese reinheid oor tot moreel-religieuse reinheid: vgl. Bowra, *EGE* 122 en Defradas 74.
- 2 ἀμφιτιθεῖ: Bergk se verbetering op die MSS se ἀμφιτιθείς = Ionies vir ἀμφιτίθησι. Hierdie Ioniese vorm kom ook voor in Mimm. fr. 1,6D. Ons moet egter hier ἄλλος (*παῖς*) of τις veronderstel én 'n tweede objek 'ons' of 'die gaste' of 'ons hoofde' naas στεφάνους. Lg. kom voor in Eur. *IA* 1531: στέφανον ἀμφὶ κάρα ἀμφιθεῖναι.
- 4 ἔυφροσύνης: die effek staan in die plek van die oorsaak (die wyn), aldus Kamerbeek-Verdenius. Dit wys heen na εὐφρονας ἄνδρας in reël 13. Vgl. verder Solon fr. 3, 10 en fr. 20D. Vgl. ook οἶνον ἔύφρονα in Hom. *Il.* 3, 246.
- 5 προδώσειν: 'te kort sal skiet'. Hdt. 7, 187, 1 gebruik dieselfde metafoor vir riviere wat sal opdroog: προδοῦναι τὰ ὁρεύθρα τῶν ποταμῶν.
- 6 μείλιχος: nie 'gentle' nie (Campbell), maar 'wat vriendelik stem'. ἄνθεος: die gen. is afhanglik van δέσμωνος. Vir die blomgeur van wyn, vgl. Hom. *Od.* 9,210–211: ὀδμὴ δ' ἡδεῖα ἀπὸ κρητῆρος ὀδώδει, θεοπεσίη, en veral Alk. fr. 92(b): ἄνθεος ὅσδοντα.
- 7 λιβανωτός: die kathartiese en religieuse betekenis van wierook beklemtou άγνήν wat die idee van rituele reinheid omvat. Campbell verwys na Sappho fr. 44,30 en 2,3–4 L–P; Hdt. 1,183,2; 2,40,3; en Pind. fr. 122,3 Snell.
- 8 ὕδωρ: die water se kwaliteit word onderstreep omdat dit met die wyn gemeng word.
- 9 γεραρή: Campbell en Gerber meen die tafel word gepersonifieer omdat γεραρός net voorkom as 'imposant' van mense (Hom. *Il.* 3,

170 en 211). LSJ se 'table of honour' word allerweë afgewys. Defradas vertolk die woord as 'koninklik'.

- 10 τυροῦ: gen. na analogie van μεστός (4).
- 11 πεπύκασται: pf.pass. van πυκάζω, wat verband hou met πυκνός ('dig op mekaar'), d.w.s. 'iets dig op mekaar dek'. Die blomme het dus die altaar dig op mekaar versier.
- 12 μολπή: Herter 35–36 wys daarop dat die woord hier nie musiek in die algemeen beduie nie, maar, in navolging van Hom. *Il.* 1, 472 e.v., op die paian self dui. Dit bring hom by die probleem van ἔχει: hoe kan die paian se klanke die huis reeds vul in reël 12 as eers in reël 13 die voorskrif vir sy wese of inhoud gegee word? Usener se oplossing was ἔχοι, maar Herter wys ook daarop dat hierdie voorstel nooit byval gevind het nie, sodat die probleem vir hom onopgelos bly, of ons moet volgens hom aanneem dat reël 13 'soll eine Vorstellung von dem Paian geben, der selber nicht reproduziert wird' (36). Hy laat die gedig drie haltplekke van die simposion navolg (vgl. hiervoor pp. 37–40) sodat ons hier 'n dramaties-mimetiese vorm *in statu nascendi* voor ons het, wat in die Hellenisties-Romeinse tyd gebruiklik was.
ἀμφὶς ἔχει: = ἀμπέχει, 'omring', 'insluit', of 'rondom vul.'
- 14 εὐφήμοις en καθαροῖσι het religieuse krag. Vgl. die Interpretasie. μύθοις en λόγοις is waarskynlik dieselfde. Bowra, *EGE* 123–124 en *Problems* 4 wil tog 'n verskil aandui: 'tales' teenoor 'themes'.
- 16 ταῦτα: daar is onder kommentatore verskil van mening of dit na εὐξαμένους of πρήσσειν terugverwys. Defradas verdedig die verbinding met πρήσσειν — vgl. sy betoog op p. 76, wat Gerber, *Euterpe* 245 wil steun. Defradas wys o.a. daarop dat dit geensins van belang is om te sê dat die *gebed* ons eerste plig is nie (προχειρότερον; vgl. Hudson-Williams), maar dit is die objek van dié gebed: die moontlikheid om reg te handel. ταῦτα kan egter na die hele voorafgaande (σπείσαντας ... πρήσσειν) verwys.
γὰρ ὥν: 'want inderdaad', 'want tog' — 'n verduidelikende parentese (vgl. Denniston 447).
- 17 οὐχ ὕβρις: 'dit gaan nie te ver nie'. West en Gentili-Prato behou die manuskriplesing ὕβρεις ('onregverdighe dade') om met τὰ δίκαια (15) te balanseer.
δ(έ) lewer stilistiese probleme sodat Bergk en Bowra dit bv.

skrap. Gerber maak beswaar teen so 'n weglatting. Sowel Defradas as Herter 36–37 én Kamerbeek-Verdenius meen dat πίνειν só (met δ') gekontrasteer word met ὑμνεῖν (13) én die gedagte van piëteit wat tot nog toe na vore geroep is. Adrados stel σ(ε) i.p.v. δ(έ) (bevestig deur ἀφίκοτο) voor. West, *Studies* 189 argumenteer ook vir die behoud van δ(έ).

- 18 μή: as gevolg van die voorwaardelike krag van die frase. Vir dieselfde gedagte van reël 18 sien Herakleitos fr. 117D–K: ἀνὴρ ὁκόταν μεθυσθῆ, ἄγεται ὑπὸ παιδὸς ἀνήβου σφαλλόμενος, οὐκ ἐπαῖων ὅκη βαίνει, ὑγρὴν τὴν ψυχὴν ἔχων.
- 19 αἰνεῖν: die meeste kommentatore sê dat die infinitief hier imperatiwiese funksie het. Gerber verwys hiervoor na Theogn. 113 e.v.: μήποτε ... ποιεῖσθαι .../ἀλλ᾽ ... φεύγειν. Maar dis ook moontlik om die infinitief afhanklik van χρή (13) te stel (vgl. só ook Defradas 77), sodat αἰνεῖν parallel aan χρή δὲ ... ὑμνεῖν is. M.a.w. die δ(έ) in 'Ανδρῶν δ' αἰνεῖν τοῦτο dien om die tweede kontras te stel teenoor πρῶτον μὲν θεὸν ὑμνεῖν, met οὐχ ὕβρις πίνειν δ' as eerste. Neem ons αἰνεῖν as imperatif kan ons δ' αἰνεῖν as kontras net op οὐχ ὕβρις πίνειν sien en πίνειν δ' as kontras op πρῶτον μέν. In elk geval het ons hier 'n orde van die fases van die simposion: (1) σπονδή καὶ (2) εὐχή, (3) παιάν, (4) τὸ πίνειν, (5) τὸ διέπειν.

ὅς ἐσθλὰ πιῶν ἀναφαίνει: Fränkel, *EGP* 327 n. 3 maak hierteen beswaar omdat (i) die woordorde verkeerd is; en (ii) ἀναφαίνει twee objekte het — ἐσθλά en die ὥσ-sin; en (iii) die wet van Hermann verbreek word deur 'n trogeïese sesuur in die derde voet. Sowel Defradas 77 as Gerber het dié besware deeglik weerlê: ἐσθλά se plasing voorop is beklemtonend; die wet van Hermann is nie absolut nie, en dieselfde sesuur vind ons in reël 17 en in fr. 34 D–K. Dis moontlik om soos Defradas ὥσ te verklaar as 'omdat' na αἰνεῖν, óf om te vertaal 'wat, tydens die gedrink, edele (temas) uit soos sy (οἵ vir ἡ = Schneidewin) herinnering en sy entoesiasme (τόνος vir τὸν ὥσ = Schneidewin) vir deug hom in staat stel'. ἐσθλά verwys na die morele en religieuse inhoud, en nie na die kwaliteit van die voordrag nie (Campbell).

πιῶν: die aor.part. duï hier gelyktydige tyd aan; vgl. Barrett, Eurip. *Hipp.* 214.

- 20 μνημοσύνη: die bedoeling van die woord is 'geïnspireerde

herinnering' en is 'n baie belangrike element in die opvatting van die digterlike roeping van die Griekse digters; vgl. hiervoor Barkhuizen, *Etimologisering* 37–39, en Defradas, *REG* 75, 1962, 61.

τόνος van Schneidewin vir MSS se τὸν ὅς het in dié sin geen parallel nie, maar Pind. *P.* 11,54: ξυναῖσι δ' ἀμφ' ἀρεταῖς τέταμαι steun dié konjektuur. Schneidewin het ook πόνος voorgestel (vgl. Pind. *O.* 5,15: ἀμφ' ἀρεταῖσι πόνος) wat deur Adrados nagevolg word. Allen en Bowra verdedig die MSS-lesing: '... praise this man who after drinking tells noble thoughts as his memory serves, and the man who tells about excellence'.

- 21 διέπειν (A) en διέπει (CE) word in die MSS gegee. Dié wat διέπειν lees, laat dit afhang van ἀγαθόν (24), wat egter 'n emendasie is. Dis daarom beter om διέπει te lees, soos bv. Campbell, Defradas, Adrados e.a.

Τιτήνων (οὐδὲ) Γιγάντων: Xenophanes het hier waarskynlik Hesiodos se *Theog.* 617 e.v. in gedagte, terwyl ons weet dat *Titanomachia* en *Gigantomachia* titels van epiiese gedigte was. Vgl. Sanford, *CPh* 36, 1941, 52–57 en West by Hes. *Theog.* 617–719; Dörig-Gigon, *Der Kampf der Götter und Titanen*; Vian, *La guerre des Géants*.

- 22 Κενταύρων: vgl. Hom. *Od.* 21, 295–304 oor die dronk gedrag van een van die Kentaure in die paleis van Peirithoüs.
- 23 χρηστόν: die eerste gebruik van die woord; dit kom nie in Homeros voor nie, en sluit die begrippe van sowel 'nuttigheid' as 'morele goedheid' in.
- 24 θεῶν ... προμηθείν ... ἀγαθήν: Fränkel, *EGP* 327, n. 3 meen dié frase is onsin en stel voor χρεῶν ... ἀγαθήν: 'one should always have a good purpose before one's eyes'. Maar in werklikheid maak dit goeie sin (vgl. Herter 37 met n. 14, Verdenius, *Mnem.* 9, 1956, 136, en Ziegler 294 n. 6) en daarom behou die meeste uitgawes die MSS se θεῶν: 'n mens moet ontsag hê vir die gode, d.w.s. nie verkeerde of immorele dinge van hulle vertel nie — soos bv. genoem in reëls 21–22. Ook Pindaros (*O.* 1, 36; 9,35; *N.* 7,20) verwerp bv. verhale wat die gode te na kom. Ook is dit nie nodig om ἀγαθόν te lees nie. Die inf. ἔχειν kan ὃ of van χρή (13) ὃ of van χρηστόν afhanklik wees (vgl. Defradas 78 en Gerber 247, en veral Ziegler 294 n. 6). Vir ἀγαθόν vgl. Verdenius, *Mnem.* 9, 1956, 136; en vir ἀγαθήν van die MSS vgl. Herter, *WS* 69, 1956, 37, wat

vir sowel die behoud van ἀγαθήν asook vir die inhoud verwys na die parallel *Iambl. vit. Pyth.* 100: ἔτι πρὸς τούτοις περὶ τε τοῦ θείου καὶ περὶ τοῦ δαιμονίου καὶ περὶ τοῦ ἡρωικοῦ γένους εὐφημοντε καὶ ἀγαθήν ἔχειν διάνοιαν. Hiermee is die manuskriplesing ἀγαθήν op sterker voet geplaas, en veral deur Ziegler 294 n. 6 se sterk argument. Vgl. ook Defradas, *REG* 75, 1962, 362–363 wat daarop wys dat Xenophanes dan verder ἄμεινον sou gebruik het i.p.v. ἀγαθόν, en vgl. ook West, *Studies* 189. Sien voorts ook Eur. *Alc.* 1054: ἐγὼ δὲ σοῦ προμηθίαν ἔχω vir hierdie konstruksie met προμηθείην. Vir προμηθείη, vgl. Defradas, *REG* 75, 1962, 362–363.

3. STRUKTUUR

- 3.1 Daar word gewoonlik aangeneem dat op grond van γάρ 'n koeplet aan die begin weggeval het. Kamerbeek-Verdenius wys egter daarop dat γάρ hier reël 13 voorberei, en Denniston 243 wys op γάρ δῆ se idiomatiese gebruik 'arresting attention at the opening of a narrative'. Vgl. ook Ziegler 292 n. 3 vir die eenheid en afgerondheid van die gedig.
- 3.2 Die gedig val in 'n klas van die *simpotiese* elegie met adhortatiewe funksie, wat o.a. wil leer hoe opgetree moet word tydens 'n *sumposion* (drinkparty of banquet). Vgl. Bowra, *Problems* 2; Fairbanks 56–59; Tolles; Herter 33–34 met n.4; Trümpf en Bielohlawek, *WS* 59, 1940, 11–30.
- 3.3 Die gedig bestaan uit twee gelyke dele van 12 reëls elk, waarvan deel A die voorbereiding beskryf, met die uitsondering van μολπή wat aan die einde van A reeds vooruit na deel B verwys; deel B adviseer hoeveel gedrink en welke liedere gesing behoort te word. Die twee dele word duidelik afgemerk — afgesien van inhoud — deur νῦν γάρ δῆ (1) en χρὴ δέ (13).

3.4 DEEL A

Ons vind in hierdie deel 'n groot aantal *woordresponses* (dieselfde of verwant) wat die funksie het om verskeie aspekte te impliseer:

(1) *gewydheid en reinheid*:

- (a) καθαρόν (1) — prominent in die middel van reël 1
— καθαρόν — aan die einde van 8

- oorgedra tot die tweede deel καθαροῖσι (14), wat die belangrikheid van dié begrip onderstreep (vgl. die kommentaar op reël 1), wat dan
- (b) inhoudelik opgeneem word deur ἀγνήν (7) en in religieuse sin weerklink vind in
 - (c) λιβανωτός (7) en βωμός (11).
- (2) *oorvloed en vreugde* (feestelikheid):
- (a) μεστὸς ἐϋφροσύνης (4) — lg. weer opgeneem in die tweede deel, εὐφρονας (13)
 - (b) οὕποτέ ... προδώσειν (5) (litotes vir oorvloed)
 - (c) ἀχθομένη (10)
 - (d) μολπή ... θαλίη (12). Let op hoe lg. paar, wat die vreugde-element impliseer, beklemtoon word deur die sg. 'omramings-tegniek'.
 - (e) ἀμφὶς ἔχει δώματα (12) (vertrek is vol sang en vreugde)
 - (f) παντῇ πεπύκασται (altaar *oorlaai* met blomme).
- (3) *soetheid en welriekendheid van blomme en wyn en heuning en water:*
- (a) στεφάνους (2) antisipeer ἄνθεος (6) en ἄνθεσιν (11)
 - (b) εὐῶδες (3) — ὀξόμενος (6)
— ὀδυμήν (7)
 - (c) μείλιχος (6) — γλυκὺ (8)
— μέλιτος (10).

Let ook op bepaalde woordordening:

- (a) ζάπεδον καθαρὸν καὶ χειρες
- (b) ψυχρὸν ῦδωρ γλυκὺ + καθαρόν
- (c) ἄρτοι ἔσθοι γεραρή τε τράπεζα
- (d) μολπὴ δώματα θαλίη

3.5 DEEL B

Die religieus-filosofiese karakter van hierdie deel, wat deur καθαρός κτλ van deel A voorberei is, vind uitdrukking in veral:

- εὐφήμιοις ... καθαροῖσι (14)
- εὐξαμένους τὰ δίκαια (15)

- ἐσθλά (19)
 ἀρετῆς (20)
 οὐδὲν χρηστόν (23)
 προμηθείην ... ἀγαθήν (24).

Soos reeds aangedui, gaan die advies van Xenophanes oor twee sake: die hoeveelheid wyn en die tipe lied. Dié twee sake word soos volg ingebed:

- (a) 13–14 Ontsag vir die godheid d.m.v. eerbiedige en rein liedere — *die Paian*
- 15–16 — waarby 'n *plengoffer* en *gebed* om τὰ δίκαια δύνασθαι πρήσσειν ingebou word wat die sing van die paian *voorafgaan*. (Bowra, *Problems 7; EGE* 123 meen ten onregte dat die Ioniese paian van Xenophanes verskil van die Attiese waar die plengoffer en gebed die paian voorafgegaan het. Maar uit die aor. participia σπείσαντες εὐξαμένους blyk duidelik dat dit ook hiér die ύμνεῖν *voorafgaan* — 'Ons moet sing *nadat*'. Bowra laat hom mislei deur πρῶτον. Vgl. só ook Herter 35 n. 8 met verwysinge oor die gebruik van die aor. participium en awfysing van Bowra se standpunt. σπονδή en εὐχή geskied ook hier, soos normaalweg vóór die paian).
- (b) 17–18 Matigheid in *wyngebruik* — nie in oormaat nie (οὐχ ὕβρις).
- (c) 19–23 Die aanprysing van dié man wat nie 'n *skolion* sing wat (i) *gevegte*, waarby gode betrokke is, as tema het nie, want dit is verdigsels van vorige digters, of (ii) van *opstande* vertel nie, want dit is nie nuttig nie.
- (d) 24 Slot-*gnomê*: ontsag vir die gode te alle tye. (Vir die algemene karakter van die slotvers, sien Herter 37 met n. 14).

4. INTERPRETASIE

- 4.1 Xenophanes was digter-filosof en rapsodis, en sy twee elegieë, 1 en 2, maar veral 1, sy banket-elegie, illustreer die feit in besonder. Soos Kallinos, Turtaios en Solon deeglik aangedui het, was

die elegie by uitstek 'n ekshortatiewe genre, en gebruik ook Xenophanes hierdie genre om in fr. 1 en 2D sy filosofies-religieuse leerstellinge so wyd moontlik bekend te maak. (Defradas, *REG* 75, 1962, 346 is byna die enigste wat hierdie bepaalde *doel* aan Xenophanes se twee elegieë onder bespreking toeskryf. So sien Bowra in hierdie gedig bloot 'n beskrywing van 'n tradisionele aristokratiese *banket* waartydens die digter self ποταρχῶν was. Vgl. ook só Jaeger, *Paideia* 170–171). Die *geleentheid* van hierdie *banket-elegie* kan dan gesien word as 'n *bepaalde geleentheid* (vūv, 1) en wel in die lig van Xenophanes se hele persoonlikheid as digter-denker-filosof, as ποταρχῶν van 'n *banket* van 'n filosofiese *thisos*, aangesien hy ook in die antieke tyd beskou is as stigter van 'n filosofiese skool. Dit is die oortuigende teorie van Defradas. Vgl. Campbell 334, Gerber, en veral ook Herter se studie.

4.2 Die materiële voorbereidings (1–12)

Die gedig beskrywe dié deel van die *banket* waar die δεῖπνον verby is, die tafels verwyder is, die eetsaal opgeruim (νῦν γὰρ ... ζάπεδον καθαρόν) is, en kranse en parfuum uitgedeel word (2–3) ter voorbereiding van die drink- en sanggedeelte, ná die plengoffer (gewoonlik aan Zeus Sôtēr) en gebed. Die brood en tafel met kaas en heuning (9–10) is daar om die dors (vir die wyn) aan te wakker (vgl. naas Xenophanes ook Plato se *Symposium*, Anakreon fr. 96D, die elegie op 'n papirus in die Berlynse Museum — BKT, V, ii, pp. 62–63; vgl. Bowra, *Problems* 3 —, en Ion fr. 2D). Die taak van die ποταρχῶν was om die verhouding van wyn en water te bepaal, hóéveel gedrink word, en wat gesing moet word (vgl. Theogn. 211–212, 479–496, 497–498, 499–502, 509–510, 627–628, 1039–1040; Anakreon fr. 96D; Kritias fr. 4. Hiertenoor vertoon Alkaios fr. 332 L–P ongewone omstandighede: νῦν χρὴ μεθύσθην καὶ τινα πὲρ βίαν/πώνην, ἐπεὶ δὴ κάτθανε Μύρσιλος).

Maar, terwyl dié *banket-elegie* dus die tradisionele elemente en orde vertoon van die Griekse *banket*, het dit 'n eie en unieke karakter, omdat, soos aangedui, dit in diens gestaan het van Xenophanes se religieus-filosofiese denke. Dit blyk reeds uit die noukeurige beskrywing van en klem wat aan die materiële voorbereiding verleen word, en wat 'n bepaalde *stemming* (vgl. Herter 40) aan die geheel verleen. Die kernwoord in die eerste reël in die sentrale posisie is καθαρόν — wat, soos aangedui, weerklink vind in die καθαρόν van die water (8) en καθαροῖσι van die liedere (14) waardeur die hele gedig die lug van

'n reinheidsritueel adem wat deurloop na 'n reinheidsreligie en -moraal (vgl. hier veral Bowra, *EGE* 122–123; Defradas, *REG* 75, 1962, 351 e.v.; Herter 40–41). Hierdie atmosfeer van rituele reinheid word verder versterk deur drie ander aspekte: (1) dié van die *wierook*, bestempel as ἀγνήν ὁδμὴν λιβανωτὸς ἥπαι (7). ἀγνήν wys heen op reinheidsritueel, en in verbinding met wierook wat reeds lank in die oosterse godsdiens en by die Griekse in religieuse seremonies gebruik word, beteken dit *rein* en *reinigend* (vgl. Moulinier, *Le Pur et l'Impur*; Hdt. 1, 183, 198; 2, 40, 87; Aristoph. *Nu.* 426; *V.* 96; *Ra.* 871; Defradas 75; *REG* 75, 1962, 352). (2) Die βωμός in die middel van die vertrek. Dié aspek skep egter sy probleme, want 'n altaar in die eetvertrek is abnormaal in Griekeland (vgl. Herter 41–42, en Defradas, *REG* 75, 1962, 353), sodat veronderstel is dat die altaar hier of (i) geïmproviseer is (aldus Ugolini, gesiteer deur Untersteiner 100) of (ii) dat dit hier sou gaan om 'n fees aan 'n bepaalde god in 'n religieuse heiligdom (François 170), of (iii) βωμός = ἔστια (Herter 42–43), of (iv) dat die altaar in werklikheid tog 'n offerande impliseer, en dat die vleis t.w.v. die reinheidsatmosfeer vervang is met 'n blomme-offer (Defradas, *REG* 75, 1962, 353), wat dus nie dekoratief is nie, maar 'n simboliese funksie het (Cumont 42 e.v.). Die sentrale posisie van die altaar (τὸ μέσον weerspieël ἐν ... μέσοισι) van die wierook: *beide* rituele elemente se *sentraliteit* word dus beklemtoon) wys dus heen op 'n essensiële funksie: dit is volgens Defradas 'n reunie van 'n thiasos rondom 'n altaar (*REG* 75, 1962, 353 — en vgl. ook Herter 43 wat meen dat 'n *sumposion* soos hiérdie in die οἶκος van 'n 'Vereinigung' kan plaasgevind het waar 'n altaar veronderstel kan word. Campbell 335 dink aan 'n klein terracotta-altaar — wat ook rondgedra kon word; Herter 43 — vir die wierook). Dat in elk geval die hele ritueel hier 'n besondere diep betekenis verkry is duidelik, hétsy religieus (Jaeger, *Paideia* 170; Herter) hétsy filosofies (Defradas). (3) Die tafel: γεραρή ... τράπεζα. Alhoewel Defradas, *REG* 75, 1962, 354 γεραρή sien as 'koninklike' (fees), meen hy ons moet dit herlei na γέρας, 'n geskenk aangebied as 'n teken van eer aan 'n godheid — as 'n offergawe — soos in Hom. *Il.* 4, 48–49: οὐ γάρ μοι ποτε βωμὸς ἐδεύετο δαιτὸς ἔισης,/λοιβῆς τε κνίσης τε τὸ γάρ λάχομεν γέρας ἡμεῖς (vgl. ook γεραίω in Pind. *O.* 5, 5 e.v. en Eur. *El.* 712; Bakch. 2,13; 4, 3 en 13; 6,14 en 13,225). γεραρός sou dan die idee van 'n religieuse offerande kon impliseer. τράπεζα sou dan in dié geval op 'n tafel met offergawes du, 'n betekenis wat wel goed gedokumenteer is (vgl. Defradas, *REG* 75, 1962, 355 n. 2 en LSJ s.v. γεραρός). Die wierook en altaar met blomme suggereer só 'n betekenis.

4.3 Die voorskrifte i.v.m. *paian*, *skolion* en *gedrink*, die *plengoffer* en *gebed*.

4.3.1 Die tweede deel begin met die oproep om θεὸν ὑμνεῖν (13–14).

François meen dié enkelvoud dui op 'n banket ter ere van 'n bepaalde god, maar Defradas (*REG* 75, 1962, 356 en *Les Élég.* 76) meen dis beter om dit in verband te bring met Xenophanes se leerstelling oor monotheïsme, soos blyk uit fr. 23 D–K: εἰς θεός, ἐν τε θεοῖσι καὶ ἀνθρώποισι μέγιστος, terwyl θεῶν (24) verwys na die gode van die tradisionele mitologie (só ook Ziegler 293). Dié paian moet gesing word deur εὐφρονας ἄνδρας, waardeur ἔϋφροσύνης (4) opgeneem word en dus primêr dui op die vrolike feesgenote. Defradas meen egter dat ook hier dit verder kan dui op εὖ φρονεῖν wat pas by lede van 'n filosofiese thiasos. Ziegler 293 met n. 4 handhaaf dieselfde gedagte en meen dat ons hier 'n oorgang het van εὐφρων na σώφρων sodat Xenophanes hiermee die latere filosofiese leerstelling sou antisipeer dat ware geluk en vrolikheid alleen op sedelikheid gebaseer kan word. Net soos Defradas, wys ook Ziegler op die noue verband tussen εὐφρων en die εὐφῆμοι μῆθοι en καθαροί λόγοι, waardeur εὐφρων in religieus-morele sin die juiste gesindheid aandui. Hier lê die klem ook op εὐφῆμοι en καθαροί (en nie soseer op 'n onderskeid al dan nie tussen μῆθοι en λόγοι soos Bowra wil nie)— beide hoort tuis in religieuse verband — soos Bowra, *Problems* 6 dit aangedui het — dit moet vry wees van daardie ἀθεμίστια ἔργα wat valslik aan die gode toegeskryf word.

4.3.2 Vóór die paian volg die plengoffer en gebed (15–16), en ook hier vertoon Xenophanes sy onderskeid. Die gebed gaan by hom nie

om gesondheid, welvaart en dít waarvoor gewoonlik gebid word nie, maar die τὰ δίκαια δύνασθαι πρότισσειν — iets wat ons vóór Xenophanes nie van hoor nie, alhoewel in Solon fr. 1, 7–8D, in sy gebed aan die Muses, daar 'n morele ondertoon is, om nl. nie welvaart met onreg te verkry nie. Ziegler 293 meen dat hierdie δύνασθαι 'die innere Kraft zum sittlichen Handeln, die seelische Erhebung bedeute'. Hy verwys bv. ook na *Ps.* 51:12. Ná Xenophanes het ons hierdie diepsinnige gebedsinhoudby Pind. *O.* 13,115, en Plato *Phdr.* — die slotgebed van Sokrates. Bowra, *Problems* 7–8; *EGE* 125 meen τὰ δίκαια is hier nie moreel nie, maar dat dit bloot tuishoort in die tradisionele aristokratiese sin van δίκη, die juiste orde, en hy bring dit in verband met die verwerping deur Xenophanes van die μάχαι en στάσιαι in die godeverhale. Vgl. hierteen Defradas, *REG* 75, 1962, 358, en veral nota 1, waarin hy wys dat as dít die betekenis van

Xenophanes se gebed was, ons eerder τὰ νόμιμα i.p.v. τὰ δίκαια sou verwag het.

Maar vgl. nou Gagarin, *CPh* 69, 1974, 193, wat dit op die *sumposion* betrek.

4.3.3 Die 'drink' (17–18) is nie ūβρις nie, maar die *matigheid* wat sedert Homeros voorgehou word, geld ook vir Xenophanes (vir parallelle vgl. Bowra, *Problems* 2 e.v.; Bielohlawek, *WS* 58, 1940, 11 e.v.) en pas geheel in by die sterk religieuse ondertoon van sy elegie.

4.3.4 Die *rapsodis of individuele sanger*: Xenophanes se *mitekritisiek* (19–23)

Xenophanes beveel in hierdie geval aan dat die σκόλια van die sanger(s) gekenmerk word as ἐσθλά en ἀρετή. Bowra verleen aan hierdie twee terme 'n *sosiale* konnotasie en verwys hiervoor na Theognis 1167–1168 — en verbind Xenophanes se denke in dié verband aan die aristokratiese deugde van sy tyd. Die feit dat hy dié begrippe nie nader omskrywe nie, is omdat hulle volkome begrypbaar was as die aristokratiese denke van die tyd. ἐσθλός is vir Bowra sinoniem met ἀγαθός, en dui op die tradisionele kwaliteite van die aristokrasie. Maar sowel Herter, asook Ziegler en Defradas in navolging van Bielohlawek e.a. (vgl. ook Jaeger, *Die Theologie der frühen griechischen Denker* 54) sien in Xenophanes 'n geestesgenoot nie van die konserwatiewe aristokraat Theognis, óf Hesiodos nie, maar van Pindaros en Aischulos met hul sterk *morele* denke. Eisenstadt wys bv. daarop dat Xenophanes nie die tradisionele gode as sodanig veroordeel nie, maar die immoraliteit wat aan hulle gekoppel is: 'Xenophanes' disapproval is based on his conviction that stories about divine immorality adversely affect human morality' (144). In die lig van die hele gedig sover én wat veral oor die gebed gesê is, moet ons aan hierdie begrippe (ἐσθλά) 'n *morele* konnotasie toeken. Xenophanes is in hierdie opsig 'n 'Revolutionär des Geistes' (Ziegler se titel. Vgl. Bielohlawek se 'geistiger Revolutionär' — téén Bowra, *Problems* 13: 'that his contemporaries did not regard him as a revolutionary').

Die negatiewe sy van Xenophanes se *morele* oordeel van die σκόλιον is die verwerping van μῦθοι/λόγοι wat handel oor μάχας (21) en στάσιας (23) — d.w.s. uit 'n eties-*morele* gesigspunt. En hy verwerp dit op grond van twee redes: (a) dit is πλάσματα τῶν προτέρων en (b) οὐδὲν χρηστόν.

As norm vir die aanvaarding van die sages en mites — waardeur die hoorders kan weet of hulle πλάσματα is of nie — is die eienskap van χρηστόν: Xenophanes beweeg hier op dieselfde vlak as Pindaros (vgl. O. 1,36: ἀντία προτέρων, wat Pindaros aanhaal as hy 'n gesuiwerde weergawe van Pelops vertel) en Plato: (i) elke verhaal (of geskiedenis) is onwaar, 'n versinsel, as dit die waardigheid van die gode aantas en hulle as vals voorstel, en dit gebeur veral waar vertel word van hulle stryd met hulle gelykes soos in die Titanomachie of Gigantomachie — en (ii) netsoos Anakreon (fr. 96D), verwerp hy drinkliedere met στάσιας (23) as onderwerp (d.w.s. die στασιωτικά), omdat hy bekommert is oor die εύνομία van die stad. (Herter n. 53 verwys in dié verband ook na Eur. fr. 282,27 N² waarin εύνομία ook gekarakteriseer word as die afwesigheid van μάχαι en στάσεις).

4.3.5 Xenophanes sluit af met 'n algemene *gnomē* wat nie gerig is net teen epos en sage of bepaalde rapsodiste nie, maar hy stel sy σοφίη (=fr. 2D) teen alles wat die hoër magte te na kom. So lewe daar in hierdie elegie 'die Glut eines Reformers' (Herter 47; Fränkel, EGP 328 se stelling dat die gedig hier afbreek sonder die positiewe aanbevelings word allerweë afgewys).

4.3.6 Ten slotte moet ons egter daarop let dat Athenaios Xenophanes se elegie aanhaal as 'n voorbeeld van 'n *sumposion* wat πλῆρες πάσης θυμηδίας is, en moet ons in die lig hiervan én die θαλήν en εὔφρων/ἔϋφροσύνη van die gedig self én saam met Herter 48 Bowra se gedagte sterk afwys asof Xenophanes hier 'reference to gaiety' (*Problems* 12) weglaat en 'the seriousness but not the gaiety of the occasion' (*Problems* 11) beklemtoon.

LITERATUUR

- Barkhuizen, *Etimologisering by Pindaros* 37–39.
 Bielohlawek, *WS* 59 (1940) 11–30.
 Bowra, *EGE* 121–127.
 Bowra, *Problems* 1–14.
 Campbell 333–336.
 Defradas, *Les Élégiaques grecs* 74–78.
 Defradas, *REG* 75 (1962) 344–365.
 Dörig & Gigon, *Der Kampf der Götter und Titanen*.
 Eisenstadt, *Hermes* 102 (1974) 144.
 Fairbanks 56–59.
 Fränkel, *EGP* 326–328.
 Gagarin, *CPh* 69 (1974) 193.
 Gerber, *Euterpe* 243–247.

- Herter *WS* 69 (1956) 33–48.
 Jaeger, *Paideia* I, 170–171.
 Kamerbeek-Verdenius 92–93.
 Marcovich, *Ill. Class. Stud.* 3 (1978) 1–26.
 Sanford, *CPh* 36 (1941) 52–57.
 Trümpf, *ZPE* 12 (1973) 139–160.
 Verdenius, *Mnem.* 9 (1956) 136.
 Vian, *La guerre des Géants*.
 West, *Studies* 188–189.
 Ziegler, *Gymn.* 72 (1965) 289–302.

(JHB)

(b) Fr. 2D (2B, 2E, 2G–P, 2W)

Kundigheid die ware deug

‘Αλλ’ εὶ μὲν ταχυτῆτι ποδῶν νίκην τις ἄροιτο
 ἡ πενταθλεύων, ἔνθα Διὸς τέμενος
 πὰρ Πίσαο ὁρῆσ’ ἐν Ὄλυμπίῃ εἴτε παλαίων
 ἡ καὶ πυκτοσύνην ἀλγινόεσσαν ἔχων,
 εἴτε τι¹ δεινὸν ἄεθλον, δ παγκράτιον καλέουσιν,
 ἀστοῖσίν κ’ εἴη κυδρότερος προσορᾶν²
 καί κε προεδρίην φανερὴν ἐν ἀγῶσιν ἄροιτο
 καί κεν σῖτ’ εἴη³ δημοσίων κτεάνων
 ἐκ πόλιος⁴ καὶ δῶρον, δ οἱ κειμήλιον εἴη·
 εἴτε καὶ ἵπποισιν, ταῦτα κε⁵ πάντα λάχοι
 οὐκ ἐὼν ἄξιος ὥσπερ ἐγώ· ὁώμης γὰρ ἀμείνων
 ἀνδρῶν ἥδ’ ἵππων ἡμετέρη σοφίη.
 ἀλλ’ εἰκῇ μάλα τοῦτο νομίζεται, οὐ δὲ δίκαιον
 προκρίνειν ὁώμην τῆς ἀγαθῆς σοφίης.

5

10

1. Athen.A (maar Gentili-Prato rapporteer εἴττει): τὸ Wakefield

2. Jacobs: προσεραν Athen.A

3. Turnebus: σιτειη Athen.A: οιτοίη Casaubon: σίτησιν Kaibel

4. Schneidewin: πόλεως Athen.A

5. Schweighäuser: κ’εὶ Athen.A: χ’ἄπαντα Casaubon

οὔτε γὰρ εἰ πύκτης ἀγαθὸς λαοῖσι μετείη⁶ 15
 οὐτ' εἰ πενταθλεῖν οὔτε παλαισμοσύνην,
 οὐδὲ μὲν εἰ ταχυτῆτι ποδῶν, τόπερ ἐστὶ πρότιμον,
 δῷμης δοσσ' ἀνδρῶν ἔργον ἐν ἀγῶνι πέλει,
 τούνεκεν⁷ ἄν δὴ μᾶλλον ἐν εὐνομίῃ πόλις εἴη· 20
 σμικρὸν δ' ἄν τι πόλει χάρμα γένοιτ' ἐπὶ τῷ,
 εἰ τις ἀεθλεύων νικῷ Πίσσαο παρ' ὅχθας·
 οὐ γὰρ πιαίνει ταῦτα μυχοὺς πόλιος.⁴

BRON

Athenaios 10.413f.

1. VERSMAAT

Vir die elegiese versmaat sien by Archilochos fr. 7D.

In reël 11 het ons sunizesis by ἐών.

2. KOMMENTAAR

1 ἀλλ': dit stel die eie mening teenoor dié van andere; vgl. Denniston 21.

μέν: Gerber meen ons het hier nie die begin van die gedig nie, want μέν kontrasteer hier met 'n vorige stelling. Vgl. ook Degani-Burzacchini 115. Sowel Kamerbeek-Verdenius as Campbell verskil hiervan. Eersgenoemde wys daarop dat 'de tegenstelling "geestelijke prestasies staan minder hoog aangeschreven" blijft onuitgesproken', terwyl laasgenoemde ooreenkomsdig die *εγγο πάρο Πίσσαο δόῆς* (3) met *Πίσσαο παρ' ὅχθας* (21) dit waarskynlik maak dat ἀλλ' die aanvang van die gedig is.

ταχυτῆτι ποδῶν: omdat Xenophanes in die gedig nie die ὅπλων δρόμος noem nie, meen Bowra, *EGE* 128 dat dié gedig dateer uit voor 520 v.C. toe dié soort wedren eers in Olimpia ingestel is. Defradas 79 se verklaring dat dit ingesluit word by die algemene term ταχυτῆτι ποδῶν (d.w.s. enkel- en dubbel-wedrenne, langafstand- en wapenwedlope) vind steun by Campbell en Gerber. Fränkel, *Wege* 337 steun beide standpunte. Vir

6. Stephanus: λαοῖσιν ἔτ' εἴη Athen.A: λαοῖσιν ἔνειν Wakefield: λαοῖσιν ἐπείη Schweighäuser

7. Athen.codd.: τούνεκεν Defradas Gentili-Prato

die verskillende spele sien Gardiner, *Athletics*, Harris, *Greek Athletes* en Finley-Plekter, *The Olympic Games*.

- 2 πενταθλεύων: die vyfkamp het bestaan uit ἄλμα (spring), δίσκος, δρόμος, πάλη (stoei) en ἄκων (spiesgooi).
ἔνθα: scil. ἐστίν.
Διὸς τέμενος: die 'Altis'. Vgl. Geerebaert, II, 45.
- 3 Πίσαο: gen. van 'n manlike woord Πίσιος, wat nêrens anders voorkom nie (vgl. Fatouros), en nie eers in LSJ opgeneem is nie. Uit φοῖσι en ὄχθας moet ons dit as ekwivalent van die 'Alpheus' sien as 'die rivier van Pisa', wat volgens Pausanias die naam van 'n klein dorpie, en volgens Strabo en Stephanus van Bisantium die naam van 'n bron was naby Olimpia in Elis.
- 4 πυκτοσύνην ... ἔχων: Gerber meen dis 'n parafrase vir πυκτεύων, maar Defradas 37 wys daarop dat die suffiks -σύνη op 'n opvallende kwaliteit dui in die sin van 'n ἀρετή: 'die natuurlike begaafdhed in die bokskuns'. Kamerbeek-Verdenius vertaal ἔχων met 'beheers'. Hierdie uitdrukking is waarskynlik ontleen aan Hom. *Il.* 23, 653 (πυγμαλίης ἀλεγείνης) en Hes. *Theog.* 214, 226 (ἀλγινόεσσαν).
- 5 τι: Campbell en Gerber meen dit het 'n sarkastiese toon: 'sodanige ...'
παγκράτιον: 'n kombinasie van stoei en boks. Die gedagte is om op elke wyse die oorhand te probeer kry.
- 7 προεδρίην ... ἐν ἀγῶσιν: die reg om in die eerste ry te sit in die teater, 'n ereplek wat aan belangrike persone toegeken is; vgl. hiervoor Hdt. 6, 57, 2; 9, 73, 3; 1, 54, 2; Aristoph. *Eq.* 575–576; Plato *Leg.* 9, 881b. Vgl. ook Bowra, *Problems* 31.
- 8 σῖτ(α): een van die vroegste verwysings na die gebruik om verdienstelike burgers op staatskoste (δημοσίων κτεάνων, gen. van oorsprong) in die raadhuis te laat eet, bekend as die σίτησις ἐν Πουτανείῳ. Solon het die aantal maaltye vir 'n enkele persoon beperk (Plut. *Sol.* 24) en die ἀρτος met die geringere μᾶζα vervang (Athen. 4, 137e); vgl. ook die weerklank van δημοσίων κτεάνων in Sol. 3, 12 (κτεάνων ... δημοσίων). Xenophanes se mening word later deur Sokrates herhaal in Plato *Apol.* 36d: 'n arm burger wat 'n *diens* aan die staat bewys, verdien dié voorreg bo 'n Olimpiese wenner. Vgl. Bowra, *Problems* 31–34.

- 9 δῶρον, ὃ οἱ κειμῆλιον εἴη: 'n duidelike ontlening aan Hom. *Od.* 1,311 (δῶρον ... ὃ τοι κειμῆλιον ἔσται). Volgens Diogenes Laertios 1,55 het Solon dié δῶρον beperk tot 500 drachmas. Vgl. Bowra, *Problems* 34–35.
- 10 ἵπποισιν: scil. νίκην τις ἄροιτο.
- 10–11 καὶ ... οὐκ ἐών: Kamerbeek-Verdenius en Verdenius, *Mnem.* 9, 1956, meen dat die participium emfaties is: omdat die oorwinning met die perde die meeste in aansien was, noem Xenophanes dit die laaste om die teenstelling groter te laat uitstaan. Verdenius 234 vertaal: 'even if his victory will be with horses (which won a man the highest fame among the Greeks) ...'. Sowel Van Groningen 88 as Gerber 248 verstaan dit anders. Gerber meen dat dié item eers nou genoem word omdat Xenophanes minder waarde daaraan heg omdat — soos Van Groningen reeds aangedui het — die oorwinning berus op die krag van perde en nie van die atleet self nie. Xenophanes se opmerking in reël 17 dat die voetwedloop τόπερ ἔστι πρότιμον is, help nie veel nie omdat hy uitdruklik in reël 18 σέ δώμης ὅσσ' ἀνδρῶν ἔογ — d.w.s. die belangrikste waar dit gaan om die atleet se *eie* prestasie, nie met perde nie. Beide opvattinge lyk aantreklik, maar teen Verdenius pleit die betekenis van 10–12: Xenophanes stel sy σοφίη teen die δώμη van ἀνδρῶν, wat vir die atleet baie voorregte verkry. Maar selfs deur die oorwinning met perde (d.w.s. d.m.v. die δώμη ἵππων) verkry hy ál dié voorregte — maar onverdiend. Fränkel, *Wege* 336 n. 1, verwys na Dittenberger, *Inschriften von Olympia* wat die opmerking maak dat vroeër daar ook die mening bestaan het dat die perde, en nie die besitters nie, die eer moes ontvang. In Xenophanes se tyd was dit die onwaardigste ἄγων.
- 11 ἐών: konsessief: 'alhoewel', 'ofskoon'.
- 12 σοφίη: Bowra sien dit as Xenophanes se filosofiese en kritiese digkuns wat hy geskryf het, Campbell, Defradas en Gerber as sy poëtiese vaardigheid. Miskien is Kamerbeek-Verdenius meer korrek (en nader aan Bowra) as hulle dit vertaal met 'kundigheid' wat sowel sy tegniese vaardigheid as sy morele, politieke en religieuse kennis van sake omvat. Vir σοφία as digterlike vaardigheid sien veral Maehler, *Auffassung* 94; Bowra *Problems* 17–18 en Davison 290–294.

- 13 εἰκῇ: 'na willekeur' of 'arbitrēr', die eerste voorbeeld van hierdie woord; vgl. Fatouros, Defradas 80, en Fränkel, *EGP* 329.
τοῦτο: verwys na die superioriteit van sportprestasies.
- 14 ἀγαθῆς: daar is ook 'n *slegte σοφίη* wat tevrede is met die tradisionele mitologie — fr. 1, 21–23. ἀγαθή het hier dus morele implikasies, contra Bowra, *Problems* 18.
- 15 ἀγαθός: moet geneem word met πενταθλεῖν, παλαισμοσύνην (16) en ταχυτῆτι (17). Gerber wys na die goeie voorbeeld hiervan in Pind. *O.* 6,17: μάντιν τ' ἀγαθὸν καὶ δουρὶ μάργασθαι.
- 17 μέν: emfaties (Denniston 362); vgl. μέν in reël 1.
- 18 ὅσσ(α): (*πρότιμον*) ἔργων ὅσσα, 'wat die meeste in aansien is van dade van menslike (ἀνδρῶν) krag'.
- 19 τούνεκεν ἀν δὴ μᾶλλον ἐν εὐνομίῃ: vgl. Solon fr. 3, 31–32 (met kommentaar). Lumpe wys tereg daarop dat Xenophanes hier aanknoop by Solon se *Eunomia*-elegie (3). Hy wys ook op die voorkoms van die woorde ἀστοί, δημόσια κτεάνα en μυχός in beide elegieë. Vertaal εὐνομίῃ met 'goeie orde'.
- 20 πόλει χάρμα: miskien met Hom. *Il.* 24, 706 (μέγα χάρμα πόλει) in gedagte.
- ἐπὶ τῷ: 'daarby'. Dit antisipeer die volgende frase en is waarskynlik neutrum (vgl. ταῦτα in 22), ἐπὶ τούτῳ.
- 21 νικῶ: = νικάοι.
- Πίσαο παρ' ὄχθας herinner aan Hom. *Il.* 12, 313: Ξάνθοιο παρ' ὄχθας.
- 22 μυχοὺς πόλιος: die stad se skatkamer (skatkis). Die beloning aan die atlete *ontneem* eintlik geld uit die skatkis, sodat ons hier 'n voorbeeld van *litotes* het. Xenophanes kon hier Hes. *Op.* 225–237 in gedagte gehad het waar die voorspoed van die stad toege-skryf word aan die eerbied wat die regters vir geregtigheid het. Xenophanes se bedoeling moet sêker ook wees dat sy σοφίη die μυχοὺς πόλιος wel volmaak. Op welke wyse word nie aangedui nie. Campbell 339 voorsien 'n antwoord op hierdie vraag deur sy mening dat 'Xenophanes must mean ... that poetic art brings glory to the city'. Bowra, *Problems* 30 e.v. meen verder dat Xenophanes bedoel dat elke burger sy stad moet probeer verryk eerder as verarm. Die teks ondersteun nie een van hierdie

vertolkings nie. Vir die verband tussen εύνομίη en rykdom, vgl. Pind.O.13,6–9.

3. STRUKTUUR

3.1 Die gedig is opgebou in 'n *parallele* ring (of spiraalvorm: vgl. Van Groningen, *Composition* 89) wat opwerk tot die kern van die gedig.

3.2 DEEL 1

In die *eerste deel* (rondom 'n priamel gebou, 1–12, met die klimaks by ὁώμης ... σοφίη) wys Xenophanes op die hoë waarde wat geheg word aan sportprestasies, in hierdie geval, veral in die Olimpiese spele. Vier uitstaande voorregte word aan die oorwinrende atleet toegeken: meer *roem* as sy medeburgers (6), die *voorste sitplek* by teateropvoeringe (7), *vry maaltye* in die raadshuis (8), en 'n *kosbare geskenk* (9). Hy beskryf of vermeld dié nommers waarin 'n man se *krag* (ὁώμη ἀνδρῶν) op die proef gestel word: ταχυτήτι ποδῶν (1), πενταθλεύων (2), παλαίων (3), πυκτοσύνην (4), en παγκοράτιον (5 — let op dat elke reël een item of voorreg bevat). Die klimaks van die eerste deel vind gestalte in reëls 11b–12. Hier word 'n nommer bygevoeg waarin die ὁώμη ἵππων ter sake is. Selfs as hy met perde se *krag* sou wen, verkry hy al dié voorregte — maar *onverdiend* in vergelyking met Xenophanes self. Want in laasgenoemde se geval is nie ὁώμη die ἀρετή nie, maar sy σοφίη: want sterker en beter as die ὁώμη van *mans of perde* is sy σοφίη.

Die eerste deel vertoon dus 'n *stygende opboulyn*:

- Die ὁώμη ἀνδρῶν in die verskillende nommers: resies (1), vyfkamp (2), stoei (3), boks (4), stoei en boks (5).
- Die voorregte wat dit meebring: groter roem (6), voorste sitplek (7), vry maaltye (8), geskenk (9).
- Ook 'n oorwinning met die ὁώμη ἵππων bring dit alles (b) mee, *al verdien hy dit nie* want σοφίη is beter as ὁώμη ἀνδρῶν ήδ' ἵππων.

3.3 DEEL 2

Vanuit hierdie kernpunt beweeg Xenophanes op dieselfde gedagte terug (vgl. ἀλλ', 13, wat die teenpool aandui van die voorafgaande) na die slot. Maar in dié slot, nadat hy weer die oorwinnings in die spele noem, vermeld hy nou, in teenstelling met die voorregte wat atlete verkry, die nadeel daarvan vir die πόλις.

Eers begin hy dan weer by sy kern:

- (c) Mense oordeel sportprestasies εἰκῇ en nie regverdig nie — οὐ δὲ δίκαιον (vgl. Gagarin 193) as hulle dié όώμη (ἀνδρῶν ἡδ' ἵππων) bo die ἀγαθή σοφίη stel (13–14).
- (a) Die όώμη (hier vergestalt in die woord ἀγαθός as teenvoeter vir die ἀγαθή wat die kenmerk van sy σοφίη is) in die spele: boks (15), vyfkamp en stoei (16), snelheid, voetresies (17) — wat beter is as enige όώμη ἀνδρῶν in die spele (18). Hierdie reël toon weer eens aan dat vir Xenophanes dit basies gaan om die όώμη ἀνδρῶν, en dat vir hóm dít belangriker is as die όώμη ἵππων, ten spyte van die feit dat *in die algemeen* die oorwinning met perde later hoër geag is.
- (b) Die nadeel daarvan (=a) vir die stad: dit gee die stad nie εὐνομίη (19), min vreugde (σμικρὸν ... χάρμα, 20), maak die koffers leeg (οὐ ... πιαίνει ... μυχούς = litotes, 22).

3.4 In sy geheel gesien vertoon die gedig dan die volgende patroon:

A	1–5	Die όώμη ἀνδρῶν in die spele (1–5).
B	6–9	Die voorregte wat dit hulle bring (6–9).
C	10–12	σοφίη is beter as dié όώμη ἀνδρῶν en selfs as die όώμη ἵππων (10–12).
C	13–14	Dis 'n onreg om όώμη ἀνδρῶν bo σοφίη te stel — wat ἀγαθή is (13–14).
A	15–18	Die όώμη ἀνδρῶν in die spele (15–18).
B	19–22	Die nadele wat dit vir die stad bring (19–22).

3.5 'n Parallelle ringpatroon ontstaan met (a) *ring-herhaling* van (i) Πίσσαο όοῆσ (3) met Πίσσαο παρ' ὄχθας (21), van (ii) όώμης ... σοφίη (11–12) met όώμην ... σοφίης (14), van (iii) όώμης ... ἀνδρῶν (11–12) met όώμης ... ἀνδρῶν (18), van (iv) εἰ ... ταχυτήτι ποδῶν (1) met εἰ ταχυτήτι ποδῶν (17), van (v) νίκην ... ἄριστο (1) met ἐν ἀγῶσιν ἄριστο (7) en ἐν ἀγῶνι (18); en (b) die *stilistiese afwisseling* van die spele-nommers: (i) πενταθλεύων (2) teenoor πενταθλεῖν (16), (ii) παλαίων (3) teenoor παλαισμοσύνην (16), en (iii) πυκτοσύνην (4) teenoor πύκτης (15).

(Van Groningen meen dat Xenophanes op drieërlei wyse die hoë waardering van sportprestasies aanval in spiraalvorm:

- (a) 1–12 = hierin noem hy 6 nommers
- (b) 13–19 = hierin noem hy 4 nommers
- (c) 20–22 = hierin gekondenseer tot 1 algemene term ἀεθλεύων).

4. INTERPRETASIE

Die belangrike vraag wat nog oorblý in ons beskouing van dié gedig is dié na die wese en betekenis van (i) Xenophanes se kritiek én, wat daarmee ten nouste saamhang, (ii) wat sy σοφίη behels.

4.1 Die probleem ontstaan met Jaeger 171–173 se gedagte dat Xenophanes in hierdie gedig 'n nuwe konsep van *aretê* formuleer, wat van groot belang is vir die Griekse kultuurgeskiedenis. Xenophanes se gedig weerspieël volgens Jaeger 'n totaal ander wêreld as dié van die ou aristokratiese waarin die hoogste ideaal die Olimpiiese oorwinnaar was; en waarin daar die onvermydelike botsing te sien is tussen twee geestelike vyande: die ou aristokratiese kultuur en die nuwe filosofiese ideaal van die mensheid. Xenophanes se doel was om vir die welvaart van die stad die tradisionele ideaal van manlikheid te vervang met die nuwe filosofiese mens, deur aan te duï hoe eersgenoemde die stad se welvaart skaad en laasgenoemde dit baat. In hierdie sin is σοφίη *intellektuele kultuur* — want dit is die mag van die intellek wat geregtigheid en goeie orde skep. Met Turtaios fr. 9D as voorbeeld vorm Xenophanes se fr. 2D die laaste in 'n ontwikkeling van die politieke konsep van ἀρετή: eers 'dapperheid', dan 'geregtigheid', en nou ten slotte 'wysheid'. In hierdie *aretê* ontdek die filosofie sy eie belangrikheid vir die gemeenskap. Filosofie is niks anders as 'n kulturele krag nie.

4.2 Hierteen het veral Bowra hom gewend (*EGE* 127–135; *Problems* 15–37). Hy wys daarop dat σοφίη hier Xenophanes se *filosofiese* en *kritiese digkuns* self is wat sig nie téén die aristokrasie en sy ideale wend nie, maar juis die δίκη en εὐνομία van die aristokratiese stadstaat wil beskerm teen die algemene hoë waardering van sportprestasies, *want* dit gaan in laasgenoemde om die 'idolization of athletic victors' (25). Xenophanes se beswaar is tweërlei van aard:

- (i) *moreel* — omdat die atleet verafgod word — met voldoende verwysings na sulke gevalle — en dít alleen kan lei tot ὕβρις wat die wettige orde van δίκη en εὐνομία omvergooi. Bowra wys daarop dat selfs Pindaros in die volgende eeu telkens waarsku dat menslike prestasie (veral dié van die atleet) 'n grens moet eerbiedig anders kom dit tot ὕβρις.
- (ii) Maar Gagarin 193 wys ook op *sosiaal-politiese* besware vervat in Xenophanes se kritiek, nl. die sosiale en politieke mag wat deur atlete — veral onder tiranne — verkry of probeer verkry is deur atletiese prestasies. Xenophanes was dus *nie* 'n rewolusionêre

denker in dié sin van die woord nie. Hy was intendeel deel van 'n aristokratiese gemeenskap waarin hy 'n sosiale en morele plig gehad het om dit te beskerm teen die υβρις van instellings soos die hoë agting van sportprestasies.

4.3 Fränkel, *EGP* 329–330 neem 'n neutrale standpunt in en verwys na Xenophanes in hierdie verband as utilitariër (so ook Babut): alleen dit wat nuttig is vir die goeie orde van die stad moet nagejaag word.

4.4 Die opvatting dat Xenophanes *rewolusionér van gees* was vind egter by sekere kritici (Bielohlawek, Jaeger, Herter, Defradas en Ziegler o.a.; vgl. literatuur by fr. 1D) van Xenophanes se denke sterk steun teen Bowra. So meen Ziegler bv. dat Xenophanes aanstoot moes gegee het aan sowel die adelkring deur sy mitekritiek as aan die tiranne (veral Hierôn) met sy sportkritiek. Alhoewel sy gedig nie die enigste is nie, bevat dit wel die skerpste kritiek teen die hoë agting vir sportprestasies. Ook hierin is hy 'n 'Revolutionär des Geistes' (Ziegler) in sy kritiek teen die hoogskatting van fisiese ὥμη as (aristokratiese) *aretê*. In sy eie tyd was hy 'n stem van een wat roep in die woestyn.

Ziegler 302 merk op dat, van die talte widders bekend uit die gedigte van Simonides, Bakchulides en Pindaros, slegs enkelinge soos bv. Diagoras van Rhodos, Aratos van Sikuon, Duris van Samos, en Gorgos van Messenia, wat uitgeblink het in die ἀρετή van ὥμη ἀνδρῶν (en Hierôn, Therôn en die ander tiranne wat met die perde geseëvier het), hulle later betoon het as grootse soldaat, veldheer, staatsman, wetgewer of filosoof — 'n feit wat Polubios self uitgewys het (7, 10, 2).

4.5 Die belangrikste *navolging* van hierdie gedig is Eur. fr. 282 N²:

κακῶν γὰρ ὄντων μυρίων καθ' Ἑλλάδα
οὐδὲν κάκιόν ἔστιν ἀθλητῶν γένους,

en Isokrates (*Panegyricus Or.* 4, 1) waar atlete beloon word maar nie dié wat vir die gemeenskap se welvaart werk nie.

LITERATUUR

Babut, *AC* 43 (1974) 83–117.

Bowra, *EGE* 127–135.

Bowra, *Problems* 15–37.

Campbell 337–339.

Davison, *From Archilochus* 290.

- Defradas, *Les Élégiaques grecs* 79–81.
Degani-Burzachini 114–117.
Donlan, *Historia* 22 (1973) 147.
Fränkel, *Wege* 335–337.
Fränkel, *EGP* 328–330.
Geerebaert, I, 44–47.
Gerber, *Euterpe* 247–249.
Jaeger, *Paideia* I, 171–173.
Kamerbeek-Verdenius 94–95.
Lumpe, *RhM* 98 (1965) 378.
Maehler 94.
Marcovich, *ICS* 3 (1978) 1–26.
Snell, *Entdeckung*⁴ 129–130, 169.
Van Groningen, *Composition* 89.
Verdenius, *Mnem.* 9 (1956) 234.
Ziegler, *Gymnasium* 72 (1965) 289–302.

(JHB)